

# SONDAGSKOOL LES: Die Bybel - Hersienningsles

## Doel van les:

- Voordat ons verder oor die Bybel leer, hersien ons eers wat ons die vorige kwartaal geleer het.

## Vra:

- Wie kan onthou wat ons verlede kwartaal oor die Bybel geleer het? Wat het vir julle uitgestaan oor die Bybel? Vandag gaan ons bietjie terugkyk na verlede kwartaal se lesse en deur 'n klompie speletjies net weer lekker onthou.

**Speletjie 1: Simon says:** Speel Simon Says met die kinders om eerste manier van boodskap oordra te illustreer.

## Lys van opdragte:

- Lig jou voet so hoog soos jy kan;
- Byt jou lip;
- Gaap;
- Maak asof jy 'n berg klim;
- Knip jou linkeroog;
- Kielie jou voet;
- Gee jouself 'n drukkie;
- Loop soos 'n krap.

Onthou julle dat ons geleer het dat die Bybel God se eie woorde is? Dis nie sommer maar net 'n boek nie. Dis 'n boodskap van God aan ons. Daarin vertel God ons baie belangrike dinge. Kom ons speel nou 'n speletjie soos Simon Says, maar dit gaan nou "God sê" wees, en julle gaan mooi moet mooi dink hoe om hierdie dinge te wys. Als is dinge wat God in die Bybel vir ons sê.

## God sê:

- Bid sonder ophou;
- Wees vriendelik;
- Wees lief vir almal;
- Moenie sonde doen nie
- Luister na God

**Speletjie 2: Blinddoek koerant legkaart bou:** Gee vir elke groep 'n koerant legkaart en blinddoeke. Kinders moet geblinddoek word en probeer om die legkaart te bou. Laat hulle bietjie sukkel, haal dan die blinddoeke af, en laat hulle verder bou.

Psalm 119:105 sê vir ons dat die Bybel 'n lig op ons pad hier op aarde is. Mense wat nie Bybel lees nie, is soos julle toe julle met die blinddoeke aan probeer legkaart bou het. Dit was 'n gesukkel. Die Bybel is daar om ons as kinders van Jesus te help. Dis soos toe julle die blinddoeke afgehaal het en kon sien. Dit help ons om beter te weet hoe om te leef soos Jesus wil hê. Om te weet wat reg en verkeerd is. Dis hoekom ons elke dag moet Bybel lees.

**Speletjie 3: Ballon pass the parcel:** Gee vir elke groep 'n ballon wat nie opgeblaas is nie. Laat hulle een rondte pass the parcel so speel. Laat hulle nou die ballon opblaas en klomp rondtes speel totdat elke groep 'n wenner het.

Met watter ballon kon julle die speletjie beter speel? Die opgeblaasde ballon. Weet julle dat dit my baie laat dink aan die boodskap oor Jesus, wat vir ons lewe gee, wanneer ons ons hartjies vir Hom gee. Voordat ons Jesus in ons hartjies innooi, is ons soos daardie afgeblaasde ballon. Jy kan nie veel met hom doen nie. Hy is maar net daar. Wanneer ons besluit om ons hartjies vir Jesus te gee, dan kom gee Hy vir ons nuwe lewe, en dan is ons soos daai opgeblaasde ballon. Ons kan deur Jesus gebruik word. Dis lekker om rondom ons te wees, want ons is vol van Jesus se liefde. Die Bybel is vir ons 'n boodskap oor Jesus en die nuwe lewe wat Hy vir ons gee. Dis die beste nuus ooit! Het julle dit al so raakgelees in die Bybel?

**Speletjie 4: Waar of onwaar:** Lees 'n klompie stellings en die kinders moet raai of jy die waarheid praat en of jy 'n leuen vertel.

**Lys van stellings:**

1. 'n Slak kan vir drie jaar slaap. Waar.
2. 'n Olifant is die enigste dier wat nie kan spring nie. Waar.
3. Seekatte het twee harte. Onwaar, hulle het drie.
4. 'n Volstruis se oog is groter as sy brein. Waar.
5. 'n Seekoei se sweet is swart. Onwaar, dis pienk.

Ons het geleer dat die Bybel ons swaard is. Die duiwel kom na ons toe met 'n klomp leuens. Jy mag steel as jy regtig iets wil hê, dis ok om iemand te vloek as hulle jou vloek of iemand te slaan wanneer hulle jou kwaad maak. Dis glad nie die waarheid nie. In die Bybel leer ons dat lelike woorde nie uit ons mond moet kom nie, dat ons ander nie moet seermaak, of mag steel nie. Dis belangrik dat ons ons Bybels moet ken om satan weg te jaag met die waarheid wat daarin staan, sodat hy nie vir ons kan jok om ons te kry om verkeerde dinge te doen nie.

**Speletjie 5: Raaisels:** Wie is baie slim? Kom ons kyk of julle reg kan raai. Ek het so paar raaisels vir julle. Steek jou hand op as jy dink jy het die regte antwoord.

**Raaisels:**

- As jy my kry is ek 'n vierkant.  
As jy my oopmaak is ek 'n sirkel.  
As jy my vat is ek 'n driehoek.

Wat is ek? 'n Pizza.

- Watter soort katte hou van water? Seekatte.

Dit is goed om baie slim te wees. Ons moet hard leer en altyd ons beste by die skool doen. Wanneer ons die Bybel lees en doen presies soos Jesus vir ons in die Bybel sê, dan is ons somer baie slim. Ons noem dit wysheid.

Sluit af met gebed in groepe.